# Alternatiewe vir LYFSTRAF




Comic - Corporal Punishment - Afrikaans.indd 1 06/11/2017 08:50:16




Comic - Corporal Punishment - Afrikaans.indd 2 06/11/2017 08:50:17


Jacob, 'n mens vat nie ander kinders se speelgoed nie. Sit hier op my skoot totdat jy mooi soet kan speel.
Ek kan nie glo dat jy hom nie geklap het nie!
Jacob moet rustig raak en besef dat as hy iets onaangenaams doen, iets onaangenaams met hom sal gebeur. Jacob se straf is dat hy nie met Joseph kan speel voordat hy om verskoning gevra het en belowe het om mooi soet te speel nie.




Comic - Corporal Punishment - Afrikaans.indd 4 06/11/2017 08:50:20



1. Verduidelik die probleem. Maak seker dat die kind weet wat hy verkeerd gedoen het.
2. Laat die kind verantwoordelikheid neem vir sy dade. Byvoorbeeld, as hy iets opsetlik breek, kan jy hom dwing om dit te probeer regmaak.
3. Gebruik alleentye. Dit is wanneer jy die kind wegneem van dit waarmee hy besig was om hom te laat rustig raak en te dink oor wat hy gedoen het.
4. Neem van sy voorregte weg, soos om TV te kyk of by maatjies te speel.
5. Moenie dinge sê wat jy nie bedoel nie, soos dat jy hom gaan weggee. Hy moet altyd weet dat jy lief is vir hom, selfs al het hy iets verkeerds gedoen, en hy moet weet dat jy sal doen wat jy gesê het.
As sy gedrag verbeter, onthou om vir hom te sê dat hy baie goed vaar.


DIE VOLGENDE WEEK ...
Ek het jou nuwe maniere van dissiplineer hierdie week probeer.
Wat het jy gedoen?
Joseph het sy kos rondgegooi. Ek het hom gesê om dit nie te doen nie. Toe hy nie ophou nie, het ek sy bord kos weggeneem. Ons het almal aangehou eet. Ek het gesê hy kan weer sy kos kry as hy dit ordentlik sal eet.
Mooi so! Wat het toe gebeur?
Dit was nie lank nie, toe sê hy: "Mamma, ek sal 'n soet seun wees. Kan ek asseblief weer my kos kry?" Toe gee ek dit vir hom.
Het jy onthou om hom 'n drukkie te gee en te sê hy het 'n goeie les geleer?
Ek sal dit volgende keer onthou.


Hallo, Ma!
Hierdie nuwe manier van dissipline werk dalk met kleiner kinders, maar wat van tieners? As ek my groot seun slaan, lag hy my uit!
As dit so is, het jy niks om te verloor as jy iets anders probeer nie. Een manier is om sy voorregte weg te neem.
Soos wat? Sy selfoon?
Presies! Of weier om vir hom geld te gee as hy saam met sy maats wil gaan fliek.
Weet jy, dit kan dalk net werk. Ek gaan dit probeer!




Teks:
ANNE JOYCE

Illustrasies, ontwerp en uitleg:
DUDLEY VIALL en PERRI CAPLAN

Projektoesig:
RACHEL COOMER en DIANNE HUBBARD

Finansiering:
NEDERLANDSE MINISTERIE VAN BUITELANDSE SAKE, MDG3 FONDS

Drukwerk:
PRINTER TO ENTER NAME

Uitgewer:
GENDER RESEARCH & ADVOCACY PROJECT, LEGAL ASSISTANCE CENTRE, 2010

Hierdie strokiesprent mag vryelik gekopieer word vir opvoedkundige doeleindes op voorwaarde dat erkenning aan die bron gegee word.

'n Elektroniese weergawe van hierdie publikasie is beskikbaar op die LAC webtuiste: www. lac.org.na

# HET JY

... 'n VRAAG?

... 'n OPMERKING?

# KONTAK ONS!

SMS: 081-6000098
E-pos: info@lac.org.na
Faks: 088-613693
Posadres: Posbus 604 Windhoek

Ons wil graag weet wat jy van hierdie strokiesprent dink.